
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 20



Oloff haal met sy regtervuis uit. Tegelykertyd loer hy om die kosyn. Die tweede wag staan vlak agter die voorste.

Die lantern kletter op die vloer en word dadelik geblus. Die wag hik en krul inmekaar toe Oloff hom in die wind tref.


Die een in die gang gil eenkeer hees, maar dan het Oloff hom om die keel beet en pluk hom by die ruim in. Oloff laat los met sy regterhand, kry die wapen beet en slaan die seerower 'n genadelose hou sodat hy sonder 'n geluid inmekaarsak.

Sy maat hou sy maag met albei hande vas. Nou in die lig van die lamp, kyk hy vir die eerste keer op om te sien wat aangaan. Oloff slaan hom agter die kop sodat hy in sy gebukkende posisie vooroor slaan en stil lê.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 20



## HOOFSTUK 1

"As ek maar net een ekstra mas met drie seile gehad het!" roep kaptein Leigh van die Indian Lark uit.

"Sal dit miskien help as ek my sakdoek styf teen die wind hou?" verneem die Hertog van Hampdon ewe hulpvaardig langs hom.

Kaptein Leigh kyk na sy passasier. Die geestige aanmerking is syns insiens besonder onvanpas op hierdie oomblik. Hy antwoord nie. Hy kyk weer na die bollende seile bo hom en die Britse vlag wat aan die mastop wapper. As hy Engeland ooit veilig bereik, sal hy die res van sy lewe daaraan wy om 'n metode te ontwikkel waardeur 'n skip oor die water aangedryf kan word deur 'n krag, 'n energie, wat verstelbaar is en tot groter vaart aangewend kan word sodra dit nodig is. Nou is hy afhanklik van die wind en dit is menslik onmoontlik om die wind sterker te laat waai. Elke stukkie seil is gespan en steeds kom die twee skepe wat pas op die skim verskyn het, met onverbiddelike sekerheid nader.

Geen wonder dus dat die onverstoorde glimlag op die lippe van die middeljare edelman hom ietwat teen die krop stuit nie. Hampdon behoort die erns van hul omstandighede te besef, want Leigh het hom reeds meegedeel dat dit kaperbote is wat op hulle afstuur.

Maar ten spyte daarvan dat die kaptein die Hertog reeds ses weke lank aan boord het en dat hulle daagliks in mekaar se geselskap verkeer het, elke maaltyd saam genuttig het, misgis hy hom om te dink dat die ander onverskillig is. Die Hertog is bewus van wat moontlik vir hulle voorlê. Hy is net so teleurgesteld soos die kaptein dat hulle in hierdie stadium van hul reis, toe hul gemeen het dat die grootste gevaar agter die rug is, dié ongeluk moet tref. Die seerowers beperk hul bedrywighede gewoonlik tot die Straat van Madagaskar en die Indiese oseaan. Hier aan die suidelikste deel van die kus van Afrika met die Kaap die Goeie Hoop maar 'n paar dae ver, is dit maar selde dat 'n kaper sy verskyning maak.

Maar die Hertog het 'n nugtere verstand. Met praktiese berusting het hy geleer om dié dinge te aanvaar wat nie verander kan word nie. As 'n seeslag dan voor die deur lê, moet dit met kalmte, oorleg en vasberade durf aangepak word. En hy het nie een keer nie maar dikwels reeds getoon dat hy sy man in 'n geveg kan staan. Heel waarskynlik is hy een van die weinige koloniale aanstellings wat gedurende die afgelope jare op verdienste en nie om politieke redes

gedoen is nie.

As onderkoning van die Britse besittings in Indië, het die Hertog van Hampdon hom knap van sy taak gekwyt. Met sy besadige raad wat hy met 'n swaard in sy kragtige regterhand kon staaf, het hy menige Indiese prins en maharadja bevriend.

Sonder gedagte aan beloning het dit tog gebeur dat hy so ryklik oorlaai is met geskenke dat hy nou ná vyf jaar na sy geboorteland terugkeer met twee ysterbeslane koffers in sy kajuit waarin 'n koninklike fortuin opgesluit is.

En wat kaptein Leigh miskien ook nie besef nie, is dat die Hertog met verlange uitsien na die herontmoeting met sy dogter wat hy vyf jaar laas gesien het.

Margaret is nou twintig.

Toe sy vyftien was, was daar reeds min aan die koninklike hof wat by haar skoonheid kon kers vashou.

Sy het die sagte oë en gelaatstrekke van haar moeder wat so vroeg in haar lewe dood is, maar met trots onthou die Hertog die vuur in haar blik en die fermheid van haar lippe en ken wat sy van hom geërf het. Want selfs op vyftigjarige leeftyd toon die Hertog nog maar net 'n paar grys haartjies langs sy slape en is sy vel glad met die aantreklikheid van 'n veel jonger man.

"Herken jy hulle?" verneem hy nou bedaard van die kaptein wat die kapers deur 'n verkyker dophou.

"U praat asof ek al vantevore al met hulle kennis gemaak het," antwoord Leigh effens droog.

"'n Ervare kaptein, soos jy," werp die Hertog met sy fyn glimlag teë, "'n veteraan van hierdie roetes het tog seker dikwels al hierdie ondervinding deurgemaak?"

"'n Paar keer, hoogheid," erken Leigh. "Maar selde was ek alleen en selde was hulle in die meerderheid. Niemand kon voorsien het dat hierdie teenspoed ons sal tref nie. Maar dit blyk nou dat ons 'n oordeelsfout begaan het om die twee begeleidende skepe reeds by Algoabaai te laat omdraai."

"Dit is gedane sake," merk die Hertog op. "Jy behoort hierdie voorval as 'n uitdaging te beskou, Leigh. Jy erken dat die voordeel nog altyd in jou guns was. Kom ons kyk wat ons nou kan doen."

"Dit wil my voorkom," begin die kaptein ernstig en hy weier om





opgebeur te word, "dat u nie heeltemal besef .."

"Vervlaks, man!" val die Hertog hom in die rede. "As ons nie kan weghardloop nie, moet ons veg. Doen dit minstens met 'n geloof in jou onoorwinlikheid." Hy glimlag. "As jy my sal verskoon, gaan ek my nou slaggereed maak."

"Hoogheid," keer die kaptein hom verskrik. "Dit was my opdrag om u in Indië te gaan haal. Dit is my plig om u veilig in London te besorg. Ek sal u moet versoek om na u kajuit te gaan totdat die gevaar verby is."

Met sy hand op die ronde knop van die stut van die kantreling waar die trap van die kompanjiedek af na die middeldek gaan, aanskou die Hertog die kaptein met 'n geduldige, toegewende glimlag. Dan skud hy sy kop amper berustend.

"My liewe vriend," sê hy bedaard. "Jy het my pas meegedeel dat hulle in die meerderheid is. Wil jy jou magte ook nog verswak? Ek kan jou verseker dat dit nie my eerste veld- of seeslag sal wees nie. Ek het nog nooit agter die linies geskuil nie. Ek sal binnekort terug wees."

Met 'n ligte tred wat die gesonde toestand van sy liggaam aandui en die wakkerheid van spiere wat in goeie oefening verkeer, draf hy met die trap af na sy kajuit. Teen die kantreling van die middeldek staan die matrose en seesoldate. Angstig kyk hulle oor die uitgestrekte deinings na die twee naderende skepe wat met die blote oog nou duidelik sigbaar is. Teen die toulere op klouter talle reeds na die dwarsmaste sodat hulle gereed kan wees om die seile te verstel en groter beweeglikheid aan die skip te verleen wanneer die aanval plaasvind.

Die Hertog glimlag. Elke druppel van sy adellike bloed pols met die durf en moed van sy voorvaders deur sy are. Van almal aan boord sal sy verlies die grootste wees indien hulle in seerowerhande moet val. Van almal aan boord sal sy verset die kragtigste wees.

In sy praalkajuit trek hy die geborduurde satynbaadjie uit. Hy ruk die krawat van sy nek af en skop die hoëhakskoene met die silwergespes uit. Dan knoop hy 'n sterk leeronderbaadjie oor die satynhemp en vou die sykant om sy gewrigte in en rol die lang moue van sy hemp op. Hy steek twee pistole in die met goud versierde lyfband en trek twee ligte plathaksandale aan. Aan sy sy hang 'n lang,

blink rapier los in die skede.

Hy loer in 'n spieël en ruk die pruik van sy kop af. Hy stoot sy swart hare effens reg en glimlag. Dan staan hy terug en aanskou die breë slaapbank teen die skot. 'n Kombers is onder die matras ingevou, maar hy trek dit uit sodat dit aan die kant afhang tot op die vloer. Dit sal die koffers versteek. Moontlik word hulle nie raakgesien nie en daar is altyd die moontlikheid van berging indien die skip gekerker moet word, want dalk is dit nie te diep nie. Hy is 'n sterk swemmer. Twee myl skep vir hom nie te veel van 'n probleem nie - mits hy nie gewond word nie, en daar natuurlik nie haaie in die omtrek is nie.

Met 'n wakker blik en 'n vaste tred keer hy terug na die kompanjiedek. Op daardie oomblik roep kaptein Leigh na die bootsman en beveel dat die kanonne in gereedheid gebring moet word. Luid sing die bootsman die bevel deur 'n valluik na die loopdek.

Die twee kapers is minder as 'n halfmyl van die Indian Lark af. Kaptein Leigh staan met die verkyker voor die oog.

"Enige verdere nuus?" verneem die Hertog.

"Ja." Leigh laat die verkyker sak. Hy leun met sy hande op die relings. "Die een is die Albatros," sê hy mismoedig. "Ek kan die kaptein ook herken. Dis 'n seerower met die naam van Javert. Sowat 'n jaar gelede het hy drie van ons alleen aangedurf. Daar is glo geen perke aan sy roekeloosheid nie."

"Wat het toe gebeur?" vra die Hertog belangstellend.

"Hy is roekeloos, maar darem nie onverskillig nie," antwoord Leigh. "Hy het so 'n paar skote op ons gelos en toe maar padgegee." Hy sug. "Maar ek het al baie van hom gehoor. Ek moet jou dit sê, hoogheid, daar is seker net een seerower wat ek meer vrees as hierdie Javert."

"En die?"

"Hulle noem hom Oloff die Seerower. Ek het nog net van hom gehoor, maar hy is glo die magtigste van hulle almal."

Die Hertog lag. Hy klop Leigh op die skouer.

"Nou kyk daar!" roep hy uit. "Hoe dankbaar moet ons nie wees nie. Ons toestand kon veel slegter gewees het."

Leigh skud maar net sy kop. Sy oë dwaal mismoedig na die seile met hul beperkte vermoë en dan weer na die kapers wat soos





springende tornyne oor die deinings nadersnel.

'n Halfuur later is daar 'n kruitflits in die voorste geskutspoort van die Albatros. Amper gelyktydig knal die skoot en dan plas 'n koeël skuins voor die boeg van die Indian Lark.

"Nogal parmantig," merk die Hertog op. "Wat verwag hulle? Moet ons stilhou en hulle aan boord nooi?"

Kaptein Leigh sê niks. Dit is nie nodig om 'n bevel te gee nie, want hulle kan tog niks doen om vinniger te vaar nie.

Die Albatros se maat beweeg stadig agter die Indian Lark verby. En dan swaai albei kapers in 'n parallele koers totdat hulle weerskante van die Indian Lark voortvaar. Hulle bly egter buite trefafstand.

"Dit wil my voorkom asof hulle ons begeleide gaan doen,' sê die Hertog. "Miskien het ons die vriendelike gesindheid van hierdie mense onderskat, Leigh."

Die kaptein maak 'n ergerlike gebaar oor sy skouer en roep na die stuurman. "Hou koers!"

"Kaptein!" kom dit luid oor 'n afstandroeper van die Albatros. "Haal julle seile in. Laat ons aan boord kom en julle sal met jul skip en jul lewens ongedeerd daarvan afkom."

"'n Redelike voorstel,' sê die Hertog kalm, maar sonder om hom daaraan te steur, gryp kaptein Leigh sy roepbuis.

"Dankie vir die inligting!" bulder hy. "Ons sal egter verkies om ons eie diskresie te gebruik!"

Stadig trek die twee kapers voor hulle uit. Dan swenk albei na binne. Dit is duidelik dat hulle die Indian Lark wil voorkeer, maar ook sal hulle binne 'n paar minute in 'n posisie wees om 'n sarsie te los wat die Indian Lark skuins van voor af sal tref. Die Engelse skip sal die kanonvuur nie kan beantwoord nie aangesien haar kanonne na weerskante toe ver agter die kapers verby korrel.

"Swenk na stuurboord!" roep Leigh.

Die skip hel oor na bakboord en met 'n draai kies hulle koers na die kus se kant toe. Van die middeldek af skreeu die bootsman op die matrose in die touwerk. Die toue kraak deur die katrolle en die seile swaai skeef om die wind uit die nuwe rigting te vat.

Die Hertog knik goedkeurend. Leigh is nie onnosel nie. Deur hierdie beweging kom hy nie alleen tussen die twee kapers uit nie,

maar as hy aanhou land toe sal dit vir hulle mettertyd nie meer moontlik wees om hom van albei kante af te betrek nie.

Die reaksie van die kapers is so vinnig dat dit amper wil voorkom asof hulle Leigh se taktiek verwag het. Die een wat aan die stuurboordkant was, vat sy draai korter en skaars 'n oomblik later vaar hy vlak by die Indian Lark verby.

'n Dreuning skud deur die lug. Die twee skepe het tegelyk 'n volle laag op mekaar gevuur. Die bloed stoot vinniger deur sy are toe hy 'n gapende skeur in die kant van die kaper sien. Op dek is 'n stuk van die kantreling weg en die deel van die agtermas bokant die tweeder hang skeef in die toue. Maar die Indian Lark het nie ongeskonde daarvan afgekom nie. Dit lyk amper asof die skot van die voorkasteel met 'n reusehand weggevee is. Die boegspriet is nie meer waar dit 'n rukkie gelede was nie en die twee lang voorseile fladder in die wind.

As dit maar al was! Die Albatros, wat aan die linkerkant van die Indian Lark was, het saam gedraai land se kant toe. Nou skiet die kaper vlak agter sy susterskip verby en dit lyk amper asof Javert van plan is om die Indian Lark met die skerp boeg in die sy te stamp. Maar dit is nie die geval nie. Skaars dertig tree van hulle af swenk hy parallel met die Indian Lark. Dit lyk asof die hele kant van die skip in 'n rookdamp verswelg word toe 'n volle laag op daardie kort afstand dreun. En Javert kon dit waag om so naby te kom, want ná die sarsie wat die Indian Lark 'n rukkie vantevore afgeskiet het, is die kanonne aan daardie kant nog nie weer gelaai nie.

Die Hertog het plat geval op die dek. Duime van hom af slaan die massiewe, versplinterde agtermas neer en die dekplanke in die omgewing spaander uitmekaar. Versigtig loer die Hertog oor die middeldek. Net die middelmas staan nog. Van die kantreling bly min oor. Die seile hang aan repe en dan hoor hy die stuurman se uitroep:

"Die roer is daarmee heen, kaptein!"

Die Hertog spring op. Agter hom dreun Leigh se bevel dat die matrose wat nog die lewe daarbo tussen die toue behou het, moet afkom. Almal moet gereed maak om die seerowers af te weer.

'n Paar enkele skote bulder van die oorblywende bakboordkanonne, maar die Albatros steur hom nie daaraan nie. Om die agterstrewe van die Indian Lark kom die ander kaper en dan suis vangysters deur die lug. Die matrose probeer hulle oor boord gooi, maar talle haak in die dekplanke of teen die kantrelings vas. Stadig word die kapers nadergetrek en dan skuur en krap die kantbalke toe hulle teen die Indian Lark vaslê.

Met woeste krete slinger die seerowers met toue deur die lug. Ander spring oor die kantrelings en skaars 'n minuut ná die enkele sarsie van geweer- en pistoolskote weerklink die gekap van sabels en word die verdedigers stadig op 'n hoop in die middel van die dek gedryf.

Die Hertog het op die kompanjiedek by die kaptein en die paar offisiere gebly. Die Albatros se agterstrewe is skuins voor hulle en hulle word dus net van die ander kaper af aangeval. Hy het albei sy pistole afgevuur en met sy vlymskerpe rapier kom hy oomblikke later teen 'n drietal seerowers te staan. Hy val stadig terug in die rigting van die trap. Sy lippe is ferm op mekaar. Sy oë soek na elke beweging van sy teenstanders en met vinnige, sterk houe stuit hy die muur van staal voor hom.

En dan druk 'n jongman tussen die seerowers uit. Hy het 'n skerp gesig en 'n fyn swart moestas. Aan sy drag wil dit voorkom asof hy die kaperkaptein kan wees. Sy swart oë is gierig op die Hertog gerig. Miskien het hy gesien dat hier 'n waardige swaardvegter is en wil hy sy vermoë teen hom beproef. Miskien het hy agtergekom dat hy met 'n edelman te doen het waarvoor 'n losprys altyd gevra kan word.

Die Hertog val nog terug. Van die seerowers bly by hul kaptein. Toe die Hertog sien dat hy die bo-ent van die trap bereik het, spring hy vinnig af, maar dadelik word hy teen die skot van die agterkasteel gedryf. Weer druk die kaperkaptein tot voor sy manne. Die Hertog voel die knop van 'n deur agter hom en pluk dit oop. Een vlugtige blik oor die middeldek is genoeg om hom te laat besef dat die stryd amper oor is. Teen die oormag van seerowers het die verdedigers nie die minste kans nie.

Hy spring in die gang. Hy wil die deur agter hom toegooi, maar 'n seerower het hom daarteen gewerp - ook in die Hertog se swaard.

Maar dit beteken dat die kaperkaptein en 'n paar ander die gang

binnekom. Gelukkig kan net twee van hulle die Hertog tegelyk aanval.
Nogtans tree Hampton steeds terug. Toe hy regoor die deur van sy kajuit kom, spring hy skielik vorentoe. Met woeste houe dryf hy die seerowers 'n entjie terug. As hy by sy kajuit kan inspring en die deur betyds toekry, mag hy dalk deur die patryspoort duik en die kus haal.

"Laai julle pistole!" roep die jong kaperkaptein oor sy skouer na twee man agter hom. Terselfdertyd en omdat sy aandag vir 'n oomblik nie op die Hertog gevestig is nie, tref Hampdon die seerower langs die kaptein sodat die man met 'n kreet op die vloer neerstort.

Met een sprong is die Hertog by die deur. Hy pluk dit oop en glip sy kajuit binne onderwyl hy weer die deur agter hom toesmyt. Sy vingers soek na die grendel, maar dan bars die deur teen hom oop sodat hy 'n paar tree terugsteier. Skaars herwin hy sy ewewig of sien hy die kaperkaptein opsy staan en twee pistoollope wat by hom verby korrel.

"Dit is moontlik om jou lewe te behou," sê die kaptein effens uitasem. "Laat net jou swaard val."

'n Oomblik aarsel die Hertog. Watter lot daar vir hom aan die hande van die wreedaards wag, weet hy nie. Aan die ander kant kan hulle hom met gemak doodskiet. Hy laat die swaard val. Hoe langer hy lewe, hoe meer geleentheid sal daar wees om miskien weg te kom.

"Gaaf." Die kaptein knik en dan maak hy 'n buiginkie. "Kaptein Cesar Perez, tot jou diens." Hy kyk goedkeurend in die kajuit rond. Van die meubels tot die klere wat die Hertog haastig uitgetrek het en op die slaapbank gegooi het, is dit maar te duidelik dat die man wat die kajuit bewoon, nie 'n lid van die middelklas is nie.

"Stoot die deur toe," gebied Perez een van sy manne. "Ek wil die plek eers 'n bietjie deurkyk."

Die seerower gehoorsaam. Op sy gemak, liptuitend en af en toe tongklikkende, stap die kaptein in die kajuit rond. Hy maak kassies en koffers oop en blaai deur 'n boek op die skryftafel. Dan kraai hy van geluk.

"Die Hertog van Hampdon, onderkoning van Indië! Aangename kennis, Eksellensie." Weer dwaal sy gierige oë oor die kajuit. "En jy is op pad terug na Engeland. Nou toe nou!"

Die Hertog sug toe Perez 'n oomblik later die kombers voor die slaapbank optel. Hy steek sy hand onder in en voel aan die koffers.

"Ysterbeslaan met groot slotte. Ek wonder wat daarin kan wees? Amos, trek hulle uit."

Een van sy manne spring nader. Hy beur en steun om die swaar koffers oor die vloer te skuif.

"Die sleutels," vra Perez beleefd.

Hampdon was nog nooit kleinlik nie. Hulle kan die slot afskiet as hulle wil. Om weerstand te bied, is nutteloos. Hy haal 'n paar groot sleutels uit 'n kassie en oorhandig dit.

Die drie man wat om die koffers staan, verstyf in hul spore. Hulle oë verstar toe die deksel van die eerste koffer opgelig word. Daarbinne skitter edelgesteentes, ornamente van goud met diamante beslaan, los munt en ander juwele.

Stadig kom Perez tot verhaal. Dan spring hy op. Sy swart oë is wild en wreed soos dié van 'n slang wat deur 'n paar ratels in 'n hoek gedryf is.

"Grendel die deur!" sis hy gedemp. "Maak toe die kis en sluit dit." Hy kyk na Hampdon. "As jy jou gedra, vriend, kan jy lewe. Ná hierdie geskenk wat jy in my skoot gegooi het, is ek geneig om jou met 'n losprys te laat gaan. Bind hom vas en knewel hom." Hy sit self hand by. Hampdon kan sien dat hy koorsagtig haastig is.

Op dek is daar nou stilte. Net die kras gelag en uitgelate uitroepe van die seerowers. Hampdon staan ontspanne en bedaard. Hy kan raai wat hierdie kaptein Perez se plan is. Hy is nie voornemens om sy vonds te deel nie. En sover Hampdon weet, is dit die gebruik tussen seerowers dat die buit op een hoop gegooi word. Dit word waardeer en elkeen se deel word bepaal. Sodra hulle dan na hul rowerneste terugkeer, weet elkeen net wat hom toekom.

Perez loer by die patryspoort uit. Die kajuit is aan die kant waar sy skip aan die Indian Lark gekoppel is. Hy kyk by die agterstewe verby. Daar dobbel twee skeepsbote wat volgens gewoonte agter die skip aangesleep word.

"Luister," sê hy haastig toe die twee seerowers orent kom nadat hulle Hampdon op die slaapbank neergelê het. "Ek sal uitgaan en